## Coetzenburg-sentrum bied een-stop-registrasiehub

Die Coetzenburg-sentrum is gekies as die registrasielokaal vir ondersteunde registrasie op die Stellenbosch-kampus in 2026 vanweë die uitbreiding van konstruksie na die noordelike deel van die Administrasie A-gebou.

Studente word aangemoedig om aanlyn te registeer (self-registrasie), maar vir diegene wat nie kan nie, is alle registrasie-verwante dienste om studente deur die hele proses te begelei van 12 Januarie tot 20 Februarie 2026 in die Coetzenburg-sentrum beskikbaar. Raadpleeg die registrasie-skedule, want spesifieke datums en tydgleuwe word aan die onderskeie fakulteite en programme toegeken.

- **Ligging en uitleg van lokaal**
  Die Coetzenburg-sentrum (no 308 op die **kampuskaart**) is deel van die Coetzenburg-sportkompleks teenaan Noordwal-Oos. Die Universiteit Stellenbosch se gradeplegtighede vind jaarliks in die sentrum plaas, maar 2026 is die eerste jaar wat die lokaal vir 'n een-stop-hub vir registrasie aangewend word.

  Werkareas word vir die talle registrasie-verwante studentedienste ingerig, met sitplek vir studente om die buiterand van die lokaal. Klik **hier** vir die vloerplan van die Coetzenburg-sentrum.

- **Vervoer**
  Die Coetzenburg-sentrum is stapafstand van die sentrale kampus en die meeste koshuise, maar 'n pendeldiens vir personeel en studente loop tussen die parkeerplekke by die Konservatorium (no 72 op die **kampuskaart**) in Neethlingstraat en die Coetzenburg-sentrum. Tydens ondersteunde registrasie sal daar ook 'n aangepaste voertuig met hulpmiddels beskikbaar wees.

- **Vermaak en verversings**
  Maties FM en Pokkel sal langs die Coetzenburg-sentrum vermaak verskaf en studente-deelname aanmoedig, en stalletjies sal eet-en drinkgoed verkoop. Die Maties-pop-up-winkel sal ook op die terrein wees. Die oogmerk is om vir studente 'n genotvolle registrasie-ervaring te skep, veral gedurende die spitsregistrasietye.